CCPS Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps
Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap aan bedryfspersoneel**
This issue sponsored by ioMosaic — Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# Versteekte gevare!

**Augustus 2019**

Sommige gevare is meer opvallend as ander. Almal respekteer 'n skerp mes, omdat ons verstaan dit kan mens sny. Ons kan dieselfde sê van 'n drom met gevaarlike chemiese stof omdat dit waarskuwings etikette op het. Die gevaar in 'n pyp of houer in 'n aanleg is egter nie so maklik om raak te sien nie. Is dit vol of leeg, onder druk of warm? Dis nog moeiliker om te weet of daar 'n gevaarlike chemiese stof in is of hoë energie in is, soos wat ons baie op ons aanlegte kry.




Terwyl hulle 'n aanleg wou afbreek, was daar pype wat nie gemerk was nie en ook nie gedokumenteer was nie. In een van die pype was daar gekonsentreerde swawelsuur, wat een van die werkers ernstig gebrand het.
So wat moet ons dan doen? Ons moet almal hanteer asof dit die slegste moontlike situasie kan wees, totdat ons beter inligting kry.

## Het jy geweet?

Hoekom is dit belangrik? Mens kan net die gevare bestuur wat jy kan sien en herken. Chemiese of petrochemiese aanlegte het nie baie bewegende dele wat wys wat aangaan nie. Dit beteken ons moet die gevare identifiseer, dit verstaan, en sisteme moet in plek sit om die gevare te bestuur.

Dit is veral belangrik om die gevare te verstaan wanneer pype of toerusting oopgemaak moet word. As jy nie weet wat is of was in die pyp of toerusting nie, en wat die druk en temperature is nie, is die voorbereiding en veilig maak vir die taak uiters moeilik en die werk kan baie gevaarlik wees.

## Wat kan jy doen?

- Ken jou proses en wat is in elke deel van die toerusting. Vir reaktiewe sisteme kan dit verander met tyd.
- Verseker dat pyp en toerusting duidelik gemerk is en akkuraat en leesbaar is.
- As die diens van toerusting of pype verander, met verskillende prosesse of na 'n fisiese verandering, verseker dat dit behoorlik hersien en 'n risiko analise gedoen word volgens die aanleg se Bestuur van Verandering (MOC) proses. Oorweeg ook of toerusting anders gemerk moet word.
- Volg erkende prosesse vir oopmaak van pype en toerusting en prosesse vir die uitsluit van toerusting.
- As jy toerusting voorberei vir die prosesse, wees noukeurig om die nodige werks-permitte te gebruik. As daar iets wat onseker of onduidelik is, stop eers en vra iemand se raad of hulp om die situasie te hersien. Baie insidente het al gebeur as gevolg van swak werkspermit prosedures. (Beacon van Junie 2018)

***Identifisering van gevare – Die eerste stap in proses veiligheid!***

©AIChE 2019. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Catalan, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, Filipino, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Mongolian, Persian (Farsi), Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, Urdu, and Vietnamese.**